


Dit is die begin van ’n nuwe jaar. Vir party van ons is hierdie ’n nuwe sel, vir ander het ons mekaar lanklaas gesien. Voor ons by die tema van vanaand uitkom, wil ons eers **ruimte skep om mekaar regtig te ontmoet**.’n Selgroep is nie net ’n plek waar ons Bybel lees nie, maar ’n plek waar ons **mekaar leer ken, veilig voel en saam groei**. Vanaand is daar geen druk om iets reg te hê of te presteer nie; ons wil net gemaklik raak, luister en begin bou aan vertroue.Kom ons neem eers ’n paar minute om mekaar beter te leer ken, sodat almal kan voel: **ek hoort hier**.

## YSBREKER

- Speel ‘n speletjie sodat almal mekaar leer ken (bv. Met smarties waar elke kleur ‘n ander vraag verteenwoordig wat elkeen moet antwoord)

## INLEIDING

- Ongeag waar jy nou is; met wie jy kies om jou lewe te deel is een van die **grootste besluite** wat jy ooit gaan neem.
- Dit het ’n **groot invloed op jou lewe en menswees**.
- Hierdie studentejare is juis die fase waarin baie van hierdie besluite begin vorm aanneem.

## 1. VERHOUDINGS IS VIR GOD BELANGRIK

📖 Lees: **Hooglied 4:1–2**

📖 Lees: **Hooglied 8:6–7**

- Die Bybel het ’n hele boek wat fokus op ’n romantiese verhouding tussen man en vrou.
- Dit wys dat liefde en verhoudings vir God belangrik is.

📖 Lees: **Matteus 19:4–6**

Bespreek:

- Wat leer ons hier oor hoe God oor die huwelik dink?
- Wat sê dit vir jou dat die huwelik "oud soos die skepping" is?
- Hoekom dink jy is dit belangrik om **jonk** al reg oor verhoudings te dink?

## 2. WYSHEID EN VERHOUDINGS

- Die Bybel gee nie 'n lys reëls oor **met wie** jy moet trou nie.
- Maar dit sê baie oor **wysheid** en hoe ons moet leef.

📖 Lees: **Jakobus 1:5**

Bespreek:

- Hoekom is wysheid so nodig vir studente wat groot besluite moet neem?
- Wat beteken dit vir jou dat God wysheid **sonder voorbehoud** gee?

📖 Lees: **Spreuke 9:10–12**

- Wanneer ons oor verhoudings praat, praat ons oor **wys leef**.
- Daarom die vraag: **ALLEEN OF GEKYS? WEES WYS!**

## 3. TWEE WYS BEGINSELS VIR VERHOUDINGS

### A. KYK TERUG – LEEF LIG

- Almal bring 'n storie saam in 'n verhouding.
- Wat met jou gebeur het, het jou gevorm.\
- Die gevaar is om met **bagasie** te leef wat nie hanteer is nie.

Bespreek:

- Wat bedoel ons met "bagasie" uit die verlede?
- Hoekom is dit dwaas om met baie bagasie 'n verhouding te begin?
- Hoe kan onverwerkte goed 'n verhouding "besoedel"?

Prakties:

- Jou verantwoordelikheid is om jou verlede uit te sorteer.
- Gee die stukkende dele vir die Here; Hy alleen kan dit herstel en gebruik.
- Jy is nie 'n ashoop nie; moenie toelaat dat iemand hul bagasie op jou 'dump' nie.

- ’n Huwelik is nie twee halwes wat een word nie, maar **twee heles wat een word**.

📖 Lees saam: **Psalms 139** (as gebed)

<u>Toepassing:</u>

Single: Gebruik hierdie tyd om seker te maak jy is ’n gesonde mens.

In ’n verhouding: Moenie dink dinge gaan net vanself beter word nie.

**B. KYK VORENTOE – WORD DIE REGTE EEN**

- Dit gaan nie net daaroor om die regte een te kry nie, maar om die regte een te **wees**.
- Word die persoon wat jy self sou wou hê.
- Word iemand wat pas by die tipe mens wat jy hoop om eendag mee te trou.

<u>Bespreek:</u>

- Wat beteken dit prakties om nou reeds die regte een te word?
- Hoe kan studente hierdie seisoen gebruik om te groei?

📖 Lees: **Spreuke 4:25–26**

<u>Toepassing:</u>

Alleen: Begin lewe; doen dinge wat jou vorm op die regte maniere.

Gekys: Hou aan groei; moenie by iemand wees wat jou wegtrek van wie God jou wil hê jy moet wees nie.

**<u>SLOT</u>**

- Die huwelik het ’n baie spesiale plek in God se koninkryk.
- Met wie jy in ’n verhouding is, beïnvloed jou verhouding met die Here.

<u>Alle verhoudings het drie moontlike uitkomste:</u>

Iets wat jy **BEROU**

Iets wat jy **ONTHOU** en uit leer

Iemand met wie jy **TROU**

<u>Slotvraag:</u>

Hoe kan jy hierdie week WYS leef in jou verhoudings; alleen of gekys?

**Onthou:**

Kyk terug – leef lig

Kyk vorentoe – word die regte een

**Alleen of gekys? Wees wys!**

**<u>Sluit af deur te bid:</u>**

– Vir wysheid

– Vir genesing van verlede

– Vir moed om reg te kies

– Vir karakter om die regte een te word

************************************